

'n Tyd m aft e breek en 'n tyd om op te bou!

'n Tyd van Bekering!

Prediker 3:3b

Vry 19 Feb 2021

1953 vertaling Pred 3:3b “'n tyd om aft e breek en 'n tyd om te bou”

Bron: Venter J. 2015 Die boek Prediker. Van alles tevergeefs tot 'n hoopvolle toekoms saam met Christus.p.71-77

Prediker 3:1-17 handel baie sterk oor die mens se persoonlike lewe, wat met jou gebeur en of jy beheer het daarvoor. In God se raadsplan staan alles vas. God is Alwetend. God is Alomteenwoordig. God is Alsiende. God weet alles. God bepaal alles behalwe die sonde, alhoewel niks gebeur sonder dat God dit nie weet nie. Ons kan God nie verras met wat ons doen of nie doen nie. Ons kan God net teleurstel met wat ons doen of nie doen nie.

“'n Tyd om af te breek.” Wat beteken dit? Wyd gesien is daar baie mure wat afgebreek is, ook stede wat afgebreek is. Nebukadneser het Jerusalem se mure afgebreek en dit is in Nehemia se tyd weer opgebou, **Amos 9:11,12**. In **Jer 1:10** lees ons dat God opdrag gee aan die profeet om af te breek en op te bou.

Maar heel waarskynlik dui Prediker hier op die mens wat sy sondige bestaan en praktyke moet afbreek. As jy wedergebore word deur die Heilige Gees, moet jy biddend, in diepe afhanklikheid van God jou sonde aflê en afbreek. Om praktiese die sonde af te breek behels dat jy biddend jou voor God moet verootmoedig, dat jy die Gees in jou hart moet laat praat deur die Woord en gebed en dat jy jou sonde bely en 'n nuwe lewe lei.

“'n Tyd om op te bou.” In **1 Petr 2:4,5** gebruik Petrus die beeld van die kerk wat gebou moet word. **4** “Kom na Hom toe, (d.i. Jesus Christus) die lewende steen wat deur die mense wel verwerp is, maar by God uitverkore en kosbaar is;

5 en laat julle ook soos lewende stene opbou, tot 'n geestelike huis, 'n heilige priesterdom, om geestelike offers te bring wat aan God welgevallig is **deur Jesus Christus.**” Die bouwerk is juis om in die geloof, te leef tot eer van God. Jesus Christus was die eerste Lewende Steen wat deur die mense verguis is, gekruisig is, mishandel is, sodat Hy die belangrikste klip in die gebou kon word. In Hom, deur Hom en tot Hom is ons ook lewende klippe wat opgebou moet word in God se koninkryk. Om te bou is om met die regte gesindheid, in opregtheid te bou. Elkeen moet toelaat dat jy opgebou word en jy moet uit genade ook bou aan jou lewe, aan jou geloof. Ons lees in **1 Kor 3:11-15** dat ons moet bou, of dit met goud, silwer, kosbare steene, hout hooi, stoppels is...alle bouwerk sal aan die lig kom en God sal dit beoordeel. Maar elkeen wat in Jesus Christus glo en biddend bou sal gered word.

Bouwerk behels dan jou hele lewe:

- Bou aan jou verhouding met God. Jy moet groei in kennis en liefde vir God.
- Bou aan jou eie lewe, jou geloof, jou verhouding met God,
- Bou aan jou huwelik, jou verhouding met jou man of vrou, wat God aan jou gegee het.
- Bou aan jou gesin en familie.
- Bou aan jou verhouding met jou medemens, medewerkers ens.

Bou 'n wonderlike mooi, pragtige geloofs-gebou tot eer van God.

Wees as Christen die beste jy wat jy vir God kan wees.

(Ds Gerrit Kruger Gereformeerde Kerk Centurion. Sel 082 964 5595)